

SKRIFGEDEELTE: JOSUA 7:1-12, 19-26

FOKUSGEDEELTE: JOSUA 7:1, 25

### Akan – tug in die Akorlaagte

Die geskiedenis in Josua 7 werp vir ons lig op die noodsaaklikheid van Christelike tug in die kerk van die Here. Nadat Jerigo deur Israel ingeneem is, wil Josua die vesting Ai met gemak inneem. Maar wat 'n ontugtering! Die manne van Israel word deur die inwoners van Ai verslaan en moet op die vlug slaan. Israel verloor die eerste gewapende botsing met 'n volk in die beloofde land. Die volk se moed is gebreek. Wat het van God se belofte geword?

In sy antwoord op Josua se gebed wys die Here op die oorsaak van die neerlaag by Ai: die hele volk is skuldig omdat daar waardevolle artikels, wat aan die Here gewy is, steeds in die volk se besit is. Daar is 'n man wat die Here se besittings gesteel het. Hy het van die oorlogsbuit vir homself gebuit! So het hy die oordeel van God *oor die hele volk gebring*. God sal nie meer in Israel se midde wees nie, en voortaan sal Israel deur hulle vyande verslaan word – *tensy die skuldige gestraf word*. Versoening alleen as daar getug word.

Uit die 12 stamme word die stam Juda aangewys. Een van sy stamlede het van die bangoed geneem. *Akan* (krom) word as die skuldige aangewys. Uiteindelik bely Akan sy skuld: *Dit is waar. Ek het gesondig teen die Here die God van Israel* (vs 20) en hy wys die gesteelde silwer, goud en klere onder sy tent uit. Akan word gestenig en met vuur verbrand, hy en sy mense.

Vir ons menslike gevoel is dit verskriklik en onverstaanbaar: Akan bely sy skuld en tog word hy gestraf! Ons moet hierdie tragiese gebeurtenis egter ook in Nuwe-Testamentiese lig sien. Akan se straf daar in die dal van Akor roep om die koms van ons Middelaar, Jesus Christus uit die stam van Juda. Soos Akan moes sterf sodat die hele volk weer die guns van God kon geniet, het Jesus Christus gekom om vir God se volk te sterf sodat ons kan lewe.

Hosea 2:14 sê dat die Here die Akorlaagte weer 'n poort na 'n nuwe toekoms, 'n deur van hoop, sal maak. Vir ons is Christus die hoop, die poort na 'n nuwe toekoms.

Eers as ons by Christus gekom het, kom ons siel tot rus, ook wat betref die onrus wat Akan se geskiedenis in ons wakker maak oor die versoening van skuld. Romeine 5:19 sê immers: *“Want soos baie deur die ongehoorsaamheid van een mens sondaars geword het, so ook sal baie deur die gehoorsaamheid van die een Mens vrygespreek word.”*

*Sing: Psalm 99:1, 5 (1936)*

*Ds. NJ (Nic) van der Walt (Brits)*